**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Graad 11** **Afrikaans Huistaal** **Kwartaal 2**
**Vraestel 1** **Totaal: 70**
**Tydsduur: 2 uur**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)
2. Beantwoord ALLE vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep na elke afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Voorgestelde tydsindeling:
   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die teks hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: RUBRIEK**

| **Toorkombuis: Afrikaans is my kombuistaal** | |
|---|---|
| 1 | Karen Hart |
| 2 | Ek droom en dink en skryf Afrikaans. Ek leef Afrikaans. Ek kook Afrikaans … die taal sing in my kombuis. Ystervarkies en repelsteeltjies, murgpampoentjies en soetrissie, borriepatat, spruitkool, boerpampoen en pampoenkoekies, wonderpeper en fenegriek … |
| 3 | Dis nogal ironies dat Afrikaans destyds afgemaak is as kombuistaal, want dis mý kombuistaal. Ek kan nie genoeg kry van die wonder daarvan nie – die klank en rym van my kruie en speserye, die geregte wat ek in my taal optower. |
| 4 | Ek moet liewer my mond hou, want as ek liries begin uitwei oor hoe lief ek my taal het, sal mense dink ek is mal. En, asseblief tog, my liefde vir my taal het niks met politiek te make nie – net so lief as wat ek my taal het, so verafsku ek politiek! My taal kry sy kleur en karakter van oral af. |
| 5 | Afrikaans is nou amptelik 100 jaar oud, maar in my hart is my taal net so oud soos ek – ons het immers saam grootgeword. Kleintyd se klanke was langspeelplate met vertellings van WO Kühne se *Huppelkind*. |
| 6 | Ek het lustig saam gesing met Doris Brasch en Dawie Couzyn se “Dapper Muis” en “Lappop”. Trouens, ek was een van die lappoppe op die ashoop in ’n skoolkonsert. Kompleet met skoenpolitoerstrepe oor my wange en gelapte klere. |
| 7 | My pa het vir ons voorgelees uit CJ Langenhoven se *Brolloks en Bittergal*. En elke keer wanneer my pa Kaap toe is om te gaan vraestelle nasien, het hy vir my ’n *Liewe Heksie*-boek van Verna Vels of een van Helena JF Lochner se wonderlike kinderboeke gebring. *Die pratende pot* was my gunsteling. |
| 8 | Ek was agt toe ek FA Venter se boeke begin lees het en ek was in ekstase toe hy self eenkeer by die skool daar op Volmoed kom besoek aflê en my *Swart pelgrim* met ’n “Mooi loop, Karen!” geteken het. |
| 9 | Op universiteit was ek een van die laaste studente wat klas gehad het by WEG Louw en DJ Opperman. Lina Spies en JC Kannemeyer was ook my dosente. Ek moes my mondelinge eksamen aflê by Joan Hambidge, wat toe Opperman se assistent was. En ek sal in my dag des lewens nooit Merwe Scholtz se uiteensetting van *Die towenares* van Eugène N Marais in een van ons kleingroepieklasse vergeet nie. |

10 Ek kon my verluister aan die mooi Afrikaans wat Hennie Aucamp gepraat het. Dit was die enigste klasse wat die saai HOD-jaar enigsins draaglik gemaak het.

11 Die kook het eers heelwat later bygekom. En dit was eers jare later, toe ek met die verskyning van Julie Powell se *Julie & Julia* besef het ek kan my liefde vir skryf en my liefde vir kook kombineer, dat ek Afrikaans saam met my kombuis toe geneem het.

12 Ek het my Toorkombuis-blog begin en daarmee saam my kookloopbaan. Een van die grootbase by Media24 het dit raakgesien, en toe die nuwe tydskrif *Kuier* begin, is ek gevra om vryskut as kosredakteur deel te hê. Ek het nagte in angssweet wakker gelê, maar die nuwe uitdaging aangegryp.

13 Dis toe dat ek die digter C Louis Leipoldt ook as kosskrywer leer ken en deel van my kombuis gemaak het. Ek ontdek elke dag die wonderlikste koswoorde in Afrikaans – ek verkneuter my aan nuwe uitdrukkings, slim vertalings en ou gesegdes.

14 Ek het heerlike binnepret gehad oor die arme kaalgatperske se heerlike beskrywende naam wat eers ’n kuiserkaalperske en deesdae nektarien geword het. Ek giggel elke keer wanneer ek by die gladde blink lyfies op die winkelrakke verbyloop.

15 (Iemand moet net vir my verduidelik hoe maak die idioom “Soos vinkel en koljander, die een is soos die ander” enigsins sin. Die twee verskil hemelsbreed, of dit nou die vars plant of die sade is.)

16 Ek het ook agtergekom dat dit soms nogal moeilik is om ’n goeie Afrikaanse naam te kry vir ’n ou gevestigde kookterm of bestanddeel wat ons uit anderland oorgeneem het. En dan is daar goedbedoelde vertalings wat net nie heeltemal vastrapplek kry nie.

17 “Kotelette” klink soos ’n tannie van Waterkloof. Tjops is “tjops”. En “bruintjies” vir brownies is sekerlik deur die “lekker daggie”-brigade geskep. “Koekstruif” is nou maar eenmaal nie trifle nie. Genadiglik is die woordeboekmense baie meer oopkop wanneer dit by sulke taaltameletjies kom.

18 Die grootste brommer in die sop is Google en Facebook se pogings tot Afrikaanse vertalings. Ek wou eers kwaad raak, maar dit was net te snaaks om nie te lag nie. Ek het eenkeer ’n resep op Facebook geplaas en het my vreeslik vervies toe ’n Engelse vriendin, nogal een van my beste vriendinne van skooldae af, in ’n opmerking sê: “Sorry, no cockroaches for me!” Ek het haar nooit geken as ’n bitsige of agteraf mens nie, en was nogal ontsteld. Maar toe ’n tweede en ’n derde leser ’n opmerking oor die “cockroaches”

maak, het ek lont geruik. Facebook, in al sy wysheid, het dit goed gedink om "kekerertjies" (chickpeas) as "cockroaches" te vertaal! Byna het 'n heerlike resep in 'n heksebrousel ontaard.

19 In my kombuis kóók Afrikaans – ouvrou-onder-die-kombers, skurwepadda, blindevinkies, begrafnisrys, krummelpap, uiesmoor, lepelbrood … Maar hierdie een bly my gunsteling: oopbekkies. Jy maak die vetkoekies klein, en met die lepelvol kerriemaalvleis in sy pensie lyk dit nes 'n oopbekkie wat lag. En met die wonderlike smaakkombinasie lag dit heelpad tot in jou maag.

20 **Oopbekkies (vetkoekies met kerriemaalvleis)**
Genoeg vir 4–6

21 *Vir die kerriemaalvleisvulsel*

22 3 eetlepels olie
1 groot ui, fyngekap
1 eetlepel sagte bruinsuiker
500 g maalvleis
1 eetlepel matige kerriepoeier
½ koppie beesvleisaftreksel
1 teelepel tamatiepasta
1 teelepel borrie
2 eetlepels blatjang
sout en varsgemaalde swartpeper
4 eetlepels volroom jogurt

*Vir die vetkoekies*

1 koppie koekmeelblom
1 teelepel bakpoeier
½ teelepel sout
½ koppie melk
1 eier, geklits
23 olie vir braai

*Maak die kerriemaalvleisvulsel:* Verhit die olie in 'n swaarboompan of -kastrol en braai die uie daarin tot sag en deurskynend. Sprinkel die suiker bo-oor en roer deur. Braai vir nog 'n minuut of twee voordat jy die vleis met 'n vurk byroer om te keer dat klonte vorm. Roer die kerriepoeier, aftreksel, tamatiepasta, borrie en blatjang by. Geur met sout en peper en laat prut vir 20 minute. Roer die jogurt by en hou die kerriemaalvleismengsel eenkant
24 warm.

*Maak die vetkoekies:* Sif die droë bestanddele saam in 'n groterige mengbak. Klits die eier en melk saam en voeg by die meelmengsel. Meng tot 'n sagte deeg. Giet genoeg olie in 'n groot en dieperige pan en verhit. Skep

| | |
|---|---|
| 25 | lepelsvol van die deeg in die warm olie. Moenie te veel op ’n slag probeer braai nie. Braai alkant tot goudbruin en deurgaar. Dreineer op handdoekpapier. Skep ’n lepel of twee van die kerriemaalvleisvulsel in elke vetkoekie.<br><br>**Wenk:** Bedien die oopbekkies saam met blatjang en ’n lekker sambal.<br><br>Bron: LitNet, 9 Mei 2025 |

1.1 Haal vier woorde uit PARAGRAAF 2 wat aandui wat die skrywer alles in Afrikaans doen. (4)

1.2 Verduidelik waarom die skrywer nie liries oor haar liefde vir Afrikaans wil raak nie. (2)

1.3 Herlees PARAGRAAF 5.
Motiveer waarom die skrywer sê dat Afrikaans in haar hart net so oud soos sy is. (2)

1.4 Verskaf EEN rede waarom sy opgewonde geraak het wanneer haar pa Kaap toe moes gaan. (2)

1.5 Noem die skrywer wat by haar skool gepraat en watter boek hy vir haar geteken het. (2)

1.6 Verduidelik die skrywer se verbintenis tot WEG Louw en DJ Opperman. (2)

1.7 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Haal ’n sin uit die teks as ondersteuning vir jou antwoord aan.

*Hennie Aucamp het nie mooi Afrikaans gepraat nie.* (2)

1.8 Verduidelik wat Julie Powel se *Julie and Julia* die skrywer geleer het. (2)

1.9 Brei uit oor die evolusie van die kaalgatperske se naam. (2)

1.10 Tot watter slotsom kom die skrywer oor die idioom “Soos vinkel en koljander, die een is soos die ander”? (2)

1.11 Sê wat die skrywer se opinie oor die volgende terme is:

1.11.1 Kotelette (1)

1.11.2 Tjops (1)

1.11.3 Bruintjies (1)

1.11.4 Koekstruif (1)

1.12 Herlees PARAGRAAF 18.
Sê of jy Facebook of Google se Afrikaanse vertalings vertrou of nie. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.13 Verduidelik waarom "oopbekkies" volgens die teks die ideale benaming vir vetkoekies is. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

VRAAG 2

Lees die teks hier onder en maak 'n opsomming van SEWE wenke oor hoe om jouself teen kuberafknouery te beveilig.

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die **getal woorde** aan wat jy vir jou opsomming gebruik het.

**TEKS B**

**Springmielies: Oor kuberboelies en keyboard warriors**
Nini Bennett-Moll

Jeugdiges wat deurloop onder kuberboelies, ontwikkel depressie, angs, 'n swak selfbeeld en ander sielkundige probleme wat op hul beurt lei tot swakker akademiese prestasie en persoonlike funksionering. In die VSA het heelparty tieners, wat deur kuberboelies geteister was, al selfmoord gepleeg.

En alhoewel daar talle beskermende aksies is wat die jeug inlig rondom kuberboeliery, trek volwassenes aan die kortste ent wanneer dit by hierdie gedrag kom. Algemene raad om jouself teen kuberafknouery te beveilig sluit die volgende in:

Moenie op enige boelieboodskappe antwoord, reageer, kommentaar lewer of die boelieplasings deel nie. Wanneer 'n slagoffer sy kuberboelie "antwoord", al is dit ook hoe onskuldig, word die slagoffer dalk sélf beskuldig van kuberboeliery, wat in effek neerkom op dubbele viktimisering. Die slagoffer is figuurlik gemuilband.

Neem, en berg, skermskote van die boelie- en teisteringsinhoud. Hou rekord van die datums, tye en gebruikersname van die betrokke persone.

Berg enige relevante skakels of webwerfadresse (URL'e). Blokkeer die persoon wat jou boelie, of verander jou e-posadres of selfoonnommer indien nodig.

Verander jou privaatheidstellings op sosiale media sodat net die mense wat jy ken en vertrou, jou plasings kan sien of daarop kan reageer. Rapporteer die kuberboeliery. Die meeste sosialemediaplatforms het ingeboude rapporteermeganismes. Soek vir opsies soos "rapporteer" of "rapporteer misbruik", en meld die betrokke profiele aan. Verskaf duidelike en gedetailleerde inligting oor die voorval, en heg skermgrepe of ander bewyse aan.

***Bron: LitNet, 16 April 2025***

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: RUBRIEK**

Bestudeer die volgende teks en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

**Agterstories – Welkom in die era van die digters**

Johan Fourie

1 In 'n Egiptiese paleis lank, lank gelede het die god Theuth sy baanbrekende uitvindsel aan koning Thamus voorgestel – skrif. Theuth was oortuig dat dit geheue en wysheid sou verbeter, maar die koning het dit onverwags verwerp, omdat hy gemeen het skrif sou mense se geheue verswak. Plato het hierdie spanning goed opgesom: Tegnologiese spronge bemagtig ons, maar beteken ook dat eens noodsaaklike vaardighede oorbodig word. Skrif, wat nou fundamenteel tot beskawing is, is vantevore as 'n (3.1) bedreiging vir menslike denke beskou. Die geskiedenis wemel van sulke vrese – van seevaarders wat hul skepe met behulp van die sterre stuur tot ingenieurs met hul skyfiesrekenaars. Vandag is dit kunsmatige intelligensie (KI) wat ons kommunikasie beïnvloed en dit is 'n ope vraag of die geskrewe woord dalk volgende in die slag sal bly.

2 Die mensdom bestaan al vir sowat 300 000 jaar. Vir die grootste deel hiervan het ons sonder skrif reggekom en geleer deur nabootsing, vakleerlingskap en storievertelling. Inheemse mondelinge tradisies het komplekse kennis bewaar: Australiese Aboriginale se *songlines* het waterpunte in die woestyn aangeteken, terwyl Mali se *griots* eeue se dinastiese geskiedenis kon opsê. Die

gesproke woord – nie geskrewe nie – was dus vir lank die basis vir kennisoordrag.

3 (3.2) Ongeveer 5 000 jaar gelede het ons begin skryf, en dit was revolusionêr. Omdat ons kon skryf, is ons geheue geëksternaliseer, wat lang argumente, burokrasie, die wetenskap en letterkunde moontlik gemaak het. Mettertyd het geletterdheid die definisie van intelligensie geword. Soos met elke groot tegnologiese sprong, het skrif op die lange duur teen 'n prys gekom. Dit het ons natuurlike geheue verswak, ons kognisie herstruktureer en 'n stadiger, meer lineêre vorm van denke bevoordeel. (3.3) Ons staan nou weer voor 'n kruispad waar skryfwerk, soos ons dit tans ken, dalk aan die verouder is en uitgedien raak.

4 KI verander reeds hoe ons kommunikeer. Stemassistente soos Siri en Alexa stel ons in staat om met masjiene te praat, maar hul reaksies is steeds te lomp en stadig vir 'n natuurlike gesprek om te vloei. Selfs die mees gesofistikeerde (3.6) modelle sukkel nog met gesprekke in (3.7) hoërisiko-omstandighede. (3.8) 'n Kaptein op 'n sinkende skip het nie tyd vir 'n KI-model om die dringendheid te assesseer voordat 'n besluit geneem word nie – lewensbelangrike besluite in noodsituasies vereis goeie instink, improvisasie en die vermoë om mense se emosies reg te lees. Vir nou is dit nog bo KI se vuurmaakplek.

5 Die tegnologie verbeter wel (3.9) blitsvinnig. Soos bespreek (3.10)___ *The Cognitive Revolution*-podsending, verkort nuwe modelle soos Hume AI se Octave en Google se NotebookLM reaksietye en leer hulle om emosie oor te dra. KI beding reeds vragkontrakte, hanteer kliëntediensoproepe en behartig selfs professionele afrigting. Al is die kuns van oorreding, storievertelling en improvisasie tans steeds menslike domeine, word die gaping kleiner – nie noodwendig omdat KI menslike spraak (3.11) perfek naboots nie, maar omdat dit leer om minder meganies te reageer en te klink.

6 Ons sien dit eintlik reeds in hoe ons werk en speel. Volgens Edison Research se Infinite Dial-data het die gewildheid van podsendings aansienlik (3.12) toegeneem sedert 2013. Al het Suid-Afrika eers later by die (3.13) studie aangesluit, soos die onderstaande grafiek toon, het die persentasie podsendingluisteraars van 6% in 2019 gestyg tot 20% in 2021. (3.15) Dis 'n merkwaardige toename in slegs twee jaar. Hierdie tendens speel ook in die sakewêreld en nywerhede uit, waar KI-gedrewe steminteraksies kliëntediens, kontrakonderhandelinge en selfs kreatiewe werk transformeer. KI help reeds met dinkskrumme en om inhoud te help skep – nie net teks nie, maar deur dinamiese, interaktiewe spraak.

7 Walter Ong het in sy studie van die media die term *sekondêre oraliteit* (*secondary orality*) gemunt – die (3.16) herlewing van mondelinge kommunikasie in die digitale era. Podsendings, stemnotas en videogesprekke vervang toenemend teksboodskappe. Maar KI neem dit een stappie verder. Dit

skep ’n wêreld waarin skryf nie meer ’n noodsaaklike struikelblok vir denke is nie.

8 (3.17) Vir eeue het skrif ons denke gestruktureer. As KI idees kan organiseer en verfyn wat deur spraak gegenereer is, is skryfwerk dan nog enigsins nodig? Verbeel jou nou ’n wêreld waar studente deur gesprek met ’n KI-tutor leer, nie deur opstelle skryf nie, of waar witboordjiewerkers idees dikteer terwyl KI-assistente dit intyds verfyn. Waar saketransaksies en regskontrakte mondelings geskep word, met KI as notaris. Waar politiese debatte nie in (3.18) ontoeganklike geskrewe tekste uitspeel nie, maar in KI-ondersteunde gesprekke.

9 Tegnologiese skuiwe het nog altyd sekere vaardighede verplaas. Gutenberg se drukpers het skribas oortollig gemaak. Sakrekenaars het hoofrekene vervang. GPS verswak ons vermoë om met landmerke te navigeer. Net so (3.19) mag skryfwerk dalk ook binnekort uitgedien wees. KI kan reeds opstelle skryf, verslae opstel en e-posse formuleer. (3.20) Die ware revolusie sal waarskynlik eers kom wanneer ons nie meer ’n pen of sleutelbord nodig het om idees te vorm, formuleer en oor te dra nie – wanneer die gesproke woord, met KI as mediator, weer sy regmatige plek inneem.

10 Dit is belangrik om te onthou dat KI se toenemende veeltaligheid beteken dat hierdie verskuiwing nie net tot Engels beperk sal bly nie. (3.21) Tot redelik onlangs toe is spraakmodelle grotendeels opgelei in ’n paar dominante tale, maar die (3.22) nuutste navorsing in die *Journal of Machine Learning Research* wys hoe KI nou natuurlike spraak genereer in tale so uiteenlopend soos Mandaryn en Swahili. Die (3.23) implikasies hiervan is verreikend. KI-gedrewe retoriek kan beteken dat oortuigende taal en hoëvlak-gesprekke nie meer deur (3.24) taalgrense beperk word nie en gesproke dialoog kan die dominante vorm van wêreldwye kommunikasie word.

11 Soos KI alledaagse skryftake oorneem, sal die retorika – die kuns van oorreding – ’n renaissance beleef. Lank voor skrif het filosowe en leiers samelewings (3.25) geskaaf deur middel van hulle argumente. Die Antieke Grieke het die retorika, naas logika en etiek, as die basis van onderrig beskou. Die toekoms gaan dieselfde vaardighede vereis, soos die vermoë om te oortuig, te boei en spraak nie net as ’n medium nie maar as ’n kunsvorm te gebruik.

12 Die kommunikeerders van die toekoms gaan bedrewe redenaars wees wat ’n verskeidenheid tegnieke soos storievertelling, digitale media-gebruik en KI-gemedieerde retoriek inspan. Die doel bly onveranderd – doeltreffende kommunikasie – maar die medium verander. Skryfwerk was (3.26) transformerend, maar KI se kletsvermoë bied dalk iets rykers. Dit beloof onmiddellikheid, dinamiese interaksie en ’n terugkeer na die kognitiewe wêreld waarin ons voorouers geleef het.

13 (3.27) KI mag ons dalk net meer soos húlle maak. Miskien sit ons binnekort saam om 'n digitale vier en gesels, debatteer en leer by mekaar – nie deur statiese teks nie, maar deur gesprek en retoriek. Die pen mag dalk vir die tong (of die mikrofoon) plek maak, maar (3.28) kennis sal bly groei. Welkom (terug) in die era van die digters!

***Bron: LitNet, 31 Maart 2025***

3.1 Skryf die stam van die onderstreepte woord in PARAGRAAF 1. (1)

3.2 Voeg 'n skryfteken in die onderstreepte sin in PARAGRAAF 3 by sodat daar 'n beklemtoning van die aksie, wat revolusionêr was, is. (1)

3.3 Skryf een woord uit die ander onderstreepte sin in PARAGRAAF 3 wat aantoon dat die stelling 'n mening is. (1)

3.4 Verbind die volgende sinne met die woord "omdat".
*Ons staan nou weer voor 'n kruispad. Skryfwerk soos ons dit ken, is aan die verouder.* (1)

3.5 Watter betekenisfunksie het "omdat" dan in die saamgestelde sin wat jy neergeskryf het? (1)

3.6 Skryf die verkleining van die woord "modelle" in PARAGRAAF 4. (1)

3.7 Verduidelik die funksie van die koppelteken by die woord "hoërisiko-omstandighede" in PARAGRAAF 4. (1)

3.8 Onderstreep die diftong in die onderstreepte sinsdeel in PARAGRAAF 4. (1)

3.9 Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord in PARAGRAAF 5. (1)

3.10 Voltooi die ontbrekende voorsetsel in die onderstreepte sin in PARAGRAAF 5. (1)

3.11 Vorm 'n persoonsnaam van die woord "perfek" in PARAGRAAF 5. (1)

3.12 Skryf 'n antoniem vir die woord "toegeneem" in PARAGRAAF 6. (1)

3.13 Gebruik die woord "studie" as 'n bepaler in 'n samestelling. (1)

3.14 Herskryf die volgende sin in die indirekte rede: (1)

*Hy sê: "Dit is 'n merkwaardige toename in slegs twee jaar."*

3.15 Herskryf die onderstreepte sin in PARAGRAAF 6 in die ontkennende vorm.

3.16 Skryf die woord "herlewing" in PARAGRAAF 7 in meervoudsvorm. (1)

3.17 Herskryf die onderstreepte sin in PARAGRAAF 8 in die lydende vorm. (1)

3.18 Benoem die betekenis van die voorvoegsel in "ontoeganklike" in PARAGRAAF 8. (1)

3.19 Maak 'n sin met die woord "mag" in PARAGRAAF 9 waar dit 'n ander betekenis as in die teks het. (1)

3.20 Wat is die funksie van die komma in die onderstreepte sinsdeel in PARAGRAAF 9? (1)

3.21 Voeg die ontbrekende leesteken in die onderstreepte sin in PARAGRAAF 10 by. (1)

3.22 Skryf die vergrotende trap van die woord "nuutste" in PARAGRAAF 10. (1)

3.23 Verskaf 'n sinoniem vir die woord "implikasies" in PARGRAAF 10. (1)

3.24 Sê of die woord "taalgrense" in PARAGRAAF 10 'n samestelling, afleiding of samestellende afleiding is. (1)

3.25 Word die woord "geskaaf" in PARAGRAAF 11 konnotatief of denotatief gebruik? (1)

3.26 Gebruik die woord "transformerend" in PARAGRAAF 12 in 'n verklarende sin. (1)

3.27 Herskryf die onderstreepte sin in PARAGRAAF 13 in 'n vraagsin. (1)

3.28 Verduidelik waarom dit nodig is vir 'n dubbelkonsonant in die woord "kennis" in PARAGRAAF 13. (1)

3.29 Verbeter die spelfout in PARAGRAAF 13. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: [70]**